

Tema: Here, leer ons bid!

Woordbediening: Lukas 11:1-13

Fokusteks: *“Jesus was êrens op ’n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: ‘Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het.’ (vers 1)*

Die dissipels het by Jesus gepleit dat Hy hulle moet leer om te bid. Ons behoort dit vandag ook te doen. In die brief van Jakobus word dit duidelik genoem as een van die groot gebreke by gelowiges: *“Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.” (Jak 4:3)*

Waar moet ons begin om dié fout reg te stel?

Volg die voorbeeld van Jesus

Dissipels van Jesus is leerling van Jesus. Jy leer by Hom uit sy voorbeeld en uit sy kennis - die dat, die wat en die hoe van gebed. As Jesus wat self die Seun van God is voortdurend moes bid, dan het ons dit soveel meer nodig. Sy kinderlike, persoonlike gesprekke met die Vader wys vir ons dat die soos-‘n-kind-word-by-God die wese van gebed is. So moedig Hy ons aan om sy voorbeeld te volg.

Volg die voorbeeld van Johannes die Doper

Dit was Johannes se taak om oud en jonk gereed te maak vir die koms van die Here (Luk 1:17). Ons weet hy was ’n bekeringsprediker en dat hy mense gedoop het (Luk 3:7-14). Ons teks sê dat Hy hulle ook geleer het om te bid. Dit is net so belangrik as bekering en doop. In die huisgesin van God moet ons mekaar ook leer bid as deel van ons gereed wees vir die Here se koms.

Volg die voorbeeld van die dissipels

Die versoek wat hulle aan Jesus rig is al reeds soos ’n gebed. Hulle erken hulle onkunde en vra om te leer. Dis duidelik die werk van die Heilige Gees as ons kinderlik en opreg graag meer wil leer van gebed. Net soos wat ’n mens leer praat, so leer ’n gelowige om te bid. Oud of jonk, geleerd of ongeleerd, eenvoudig of geniaal, die een taal wat almal moet leer om in die geloof te kan groei is gebed. Gaan ons die Heilige gees vra om ons te help dat ons vir mekaar en by mekaar kan leer om te bid?

Toerusting: Waar begin ons leer om te bid?

- Ons vra vir die Heilige Gees, soos wat Jesus ons leer (Luk 11:13).
- Let wel, ons vra vir die Heilige Gees self!

- Die Heilige Gees sal self besluit wat om my te leer.
- Die Heilige Gees sal waarskynlik mense ook gebruik om my te leer.
- Wat gebed betref, kan ek die volgende van die Gees verwag:
 - DAT – ek kan nie geestelik lewe sonder gebed nie.
 - HOE – openhartig voor God in Christus.
 - WAT – soos die Woord van God ons leer.
 - SODAT – ek kan bid en ook weer vir ander kan leer.